


## 5.1.025 Kerkplein [Erwe 411, 412, 413, 414, 365 en 322 – in 1879]

Hoofman Sekukunie [Sekhukhune] op pad na die tronk



[1] [2] [3] [4] [5] [6] [7] [8] [9]

1. Nasionale Boeren Handelsvereeniging
2. Standard Bank
3. Huis van John Robert Lys
4. Eerste Goewermentsgebou
5. European Hotel
6. Eerste kerk op Kerkplein
7. Huis van President Pretorius
8. Latere besigheid van G. Lohner
9. Pos- en landdroskantoor (met rooi vlag)

Andrew A. Anderson het in 1879 hierdie skildery gemaak van Hoofman Sekukunie [Sekhukhune] op pad na die tronk. Hoofregter Kotze beskryf die gebeure as volg: "... in the late afternoon, sitting on an empty whisky or champagne case on an open four-wheeled trolley drawn by eight mules, and guarded by some mounted men. The chief, who was wearing a rather fine caross of leopard skin appeared to be about sixty years of age and possessed an intelligent face. He looked somewhat bewildered as he was being driven along Church Street, and across Church Square to the gaol" [Kot-02 p 650].

In die middel van Kerkplein sien ons die eerste kerk. Die kerk is gebou tussen 1854 en 1857 en was 'n eenvoudige saaltipe gebou met dik mure en 'n gradsak. Daar was sitplek vir 700-800 mense. Dit is gebou deur William Skinner en die Devereux-broers. Op een van die gewels was die voorletters van die bouers: DD en S met die jaartal 1855 daaronder. Daar bestaan 'n hele paar foto's van die ou kerk maar op nie een van die foto's kon ek die bouers se voorletters sien nie. Reeds met die inwyding van die kerk deur ds. Van der Hoff in Februarie 1857 was die kerk te klein en sommige mense het selfs op die balke gesit.

In die sestigerjare is die kerkgebou vergroot deur die aanbou van 'n konsistorie en nog 'n vleuel. Die kerkgebou is in September 1882 eers deur 'n storm ernstig beskadig en nog dieselfde maand deur 'n verwoestende brand, wat op raaiselagtige wyse ontstaan het,

verder in puin gelê. Slegs die trap van die preekstoel en een nagmaalstafel kon gered word. Verskillende mense het hierdie raaiselagtige brand gesien as 'n oordeel van God omdat Shepstone in 1877 in die kerkgebou ingesweer is. (Daar was ook na Shepstone verwys as die "duiwel se slypsteen".)

Die geboue rondom die plein is as volg: Heel links is die Nasionale Boeren Handelsvereeniging Beperkt, die klein nuwe geboutjie van die Standard Bank, en die huis van John Robert Lys op die suidoostelike hoek van Kerkplein en Markstraat. Die lang grasdakgebou oorkant die staat is die eerste Goewermentsgebou, en die blou gebou regs daarvan is die European Hotel. Dit word later verander in 'n dubbelverdieping. In 1879 was Colquhoan die eienaar van die European Hotel [All-02 p 86]. Die hotel is blou geverf op die skets, wat heel moontlik aandui dat dit 'n sinkgebou was. Agter die hotel sien ons 'n stukkie van die rooi muur van R.C. Green se Red Brick Store met 'n blou dak wat aantoon dat dit ook 'n sinkdak was.

Aan die westekant van die plein sien ons 'n stukkie van 'n gebou wat moontlik die huis van President Pretorius was; later huisves dit die Transvaal Board of Executors. Die voorste deel (aan Kerkplein) van die lang gebou met die blou dak word in 1881 die horlosie- en juwelierswinkel van G. Lohner.

Die klein stukkie van die gebou met die swart dak oorkant Kerkstraat was bekend as die Austen winkelgebou. Die regering het dit in 1874 aangekoop en in 1879 (toe die skildery gemaak is) was dit gebuik as poskantoor, landdroskantoor en hof.

Rosa Swanepoel

Bronne

- All-01 Allen, V. 1971. **Kruger's Pretoria**. Kaapstad: A.A. Balkema. [foto p 100]
- Bol-01 Bolsmann, E. 2001. **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001**. Pretoria: Protea Boekhuis. [foto p 30]
- Kot-02 Kotzè, J.G. **Biographical Memoirs and Reminiscences**. Cape Town: Maskew Miller.

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-012]